# Wildernis en woestyn: omgewingskragte teen die mens s'n in *Boendoe* en *Toewaaisand*

S. Meyer
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E pos: Susan.Meyer@nwu.ac.za

**Abstract**

**Wilderness and desert: environmental forces against man's in *Boendoe* and *Toewaaisand***

*In Chris Barnard's "Boendoe" (1999) and Christoffel Coetzee's "Toewaaisand" (2003), the relationship between man and nature is stressful. This article investigates the nature and intensity of the characters' experience of and reaction to geographical isolation and natural environmental crises and forces in the novels. In both novels evidence of heightened interdependency between the characters is found, but also a degradation of social and communication skills and disillusionment regarding the inability to create and maintain meaningful relationships. Surrounding environmental circumstances and events lead to trauma and exhaustion in the characters from "Boendoe" and experiences of the disruption of life, isolation and estrangement of loved ones in "Toewaaisand". Findings from within psychology are applied in this article to conjoin the experiences of characters and individual narratives with the general, human inclination to indicate relevance within the reader's life. In both novels the influence of natural environmental factors is related to the development of liminal fields of experience. The characters experience the phases of "separation" and "limen" in Turner's transformation model, but this is not followed by the experience of "reincorporation". Opposed to the creativity that is usually linked with liminality, in these novels a destructive process is taking place: liminality without a hopeful or constructive prospect.*

## Opsomming

### Wildernis en woestyn: omgewingskragte teen die mens s’n in *Boendoe* en *Toewaaisand*

*In Chris Barnard se “Boendoe” (1999) en Christoffel Coetzee se “Toewaaisand” (2003) word ’n spanningsverhouding tussen mens en natuur aangetref. Die artikel ondersoek die aard en intensiteit van die karakters se belewing van en reaksie op geografiese afsondering en natuurlike omgewingskrisisse en -kragte in die romans. In albei romans word bewyse gevind van verhoogde interafhanklikheid van die karakters, maar ook ’n aftakeling van sosiale en kommunikasievaardighede en ontnugtering in die vermoë om sinvolle verhoudings aan te knoop of te handhaaf. Die omringende natuuromstandighede en -gebeure gee aanleiding tot trauma en uitputting by karakters in “Boendoe” en ervarings van lewensontwrigting, isolasie en vervreemding van geliefdes in “Toewaaisand”. Bevindings uit die sielkunde word in hierdie artikel betrek om karakterervarings en individuele vertelling te verbind met die algemeen-menslike, om ’n relevansie vir die leser se lewe aan te toon. In albei romans hou die invloed van natuurlike omgewingsfaktore verband met die ontstaan van liminale ervaringsgebiede. Die karakters ervaar die fases van “afskeiding” en “limen” in Turner se transformasiemodel, maar dit word nie gevolg deur die belewing van “herinkorporasie” nie. Teenoor die kreatiwiteit wat gewoonlik met liminaliteit gepaard gaan, is in hierdie romans ’n afbrekende, vernietigende proses werksaam: liminaliteit sonder hoopvolle of opbouende vooruitsig.*


## 1. Inleidend

Chris Barnard se jongste roman, *Boendoe* (1999), en *Toewaaisand* (2003) van Christoffel Coetzee (geredigeer en voltooi deur Piet van Rooyen) is tematies verwant: in albei romans word die karakters se lewens beïnvloed en omvergewerp deur geografiese afsondering, asook deur omgewingskrisisse en -kragte. Hierdie romans leen hulle tot ’n ondersoek na ’n spesifieke aspek van die verhouding tussen die mens en die natuur, soos in die Afrikaanse prosa uitgebeeld, naamlik ’n verhouding van spanning en ’n element van konfrontasie tussen die karakters en hulle natuurlike omgewing.

Die titel van Barnard se roman voorspel alreeds ’n ruimte van afgesonderdheid en menslike ontoeganklikheid. Ook *Toewaaisand* met sy titel en voorbladontwerp – verlatenheid en ongenaakbaarheid, vasgevang in ’n fotobeeld van uitgestrekte woestynduine – skep by die leser ’n verwagting dat dié ruimte spanningsvol beleef gaan word.

Hierdie artikel fokus op die aard en intensiteit van die karakters se belewing van en reaksie op die geografiese isolasie en natuurlike omgewingsinvloede en -kragte in die romans. Voorts word gepoog om aan die ondersoek ook praktiese relevansie te verleen, deur verbande te probeer bepaal tussen hierdie karakterresponse in die romans en algemeen-menslike belewenisse. Die doel daarvan is dat, indien bevestiging van die algemeen-geldigheid van die reaksies van romankarakters in hierdie betrokke werke in die psigologie gevind word, die leser sou kon baat by die selfkennis wat hieruit kan ontstaan. Die eietydse leser kan identifiseer met spanningsvolle episodes van konfrontasie met omgewingskragte, aangesien die inligtingstegnologie ons in kontak bring met natuurlike omgewingsrampe dwarsoor die wêreld: tsoenami's, siklone en orkane, aardskuddings en droogtes. Romans is toeganklike "handboeke" as sielkundetekste en die verband tussen persoonlike ervaring en narratiewe is op genuanseerde wyse deur onder andere Ricoeur, MacIntyre, Gergen en Carr uitgespel.[1] Carr (1997:16) beweer dat, hoewel ons met die onvoorsiene rekening hou, ons voortdurend daarna streef om beperkings te oorkom, deur soveel moontlik in terme van die toekoms te probeer voorsien – 'n soort "onderhandeling" met die toekoms deurdat ons nie bloot terugsit en dinge met ons laat gebeur nie. Verhale wat identifikasie van die leser met lewensingrypende gebeure in die hand werk, bied volgens hierdie teorie toekomstoerusting.

Dit gaan dus nie bloot om die bevestiging van 'n sielkundeteorie nie; daar word gefokus op die interaksie tussen algemene teorie en spesifieke verhale; om die unieke variasie op 'n bekende tema en om die relevansie daarvan vir die leser.

By wyse van inleiding word 'n kort oorsig oor die verhouding tussen die mens en die natuur as tema in die Afrikaanse prosa geskets.

## 2. Fokus op die verhouding tussen die mens en die natuur

Hierdie ondersoek word gemotiveer deur die leemte wat bestaan ten opsigte van navorsing oor die veelkantige verhouding tussen die

1 Kyk MacIntyre (1997:254) en Ricoeur (1985:67) se uiteensetting van die verband tussen narratiewe en persoonlike ervaring, asook Gergen (1997:162) se gebruik van die term *self-narrative* om identiteit mee te verklaar. Vergelyk ook David Carr se sienswyse dat die mens die rol van "storieverteller" kan inneem ten opsigte van sy/haar eie lewensgebeure.

mens en die natuur wat in die Afrikaanse prosa aangetref word. Al sedert die begin van die twintigste eeu word gepoog om ’n blik op Afrika te bied deur tekste waarin die fokus val op die Afrika-natuur, sy diere en sy mense. Jag-, veld- en diereverhale was reeds ’n prominente literêre tendens in die tydperk van die Afrikaanse koloniale letterkunde (ongeveer 1900-1930). Roos (1998:28-31) verwys na ’n paar van die vernaamste beoefenaars van hierdie prosavorm uit dié betrokke tydperk, naamlik G.R. von Wielligh, die broers G.C. en S.B. Hobson, P.J. Schoeman en Sangiro.

Wat die meer onlangse Afrikaanse prosa betref, sou Dalene Matthee se bosromans uitgelig kon word as prominente voorbeeld van wat Smuts (1998:20) die ekologiese roman noem – werke waarin ’n besondere sensitiwiteit vir die ekologie[2] geopenbaar word. Jooste (1998:675) noem die invloed wat in die tagtigerjare van Matthee se romans op die werklikheid uitgegaan het, ongewoon in Afrikaans. Hy verwys na die staproetes wat destyds rondom Knysna ingestel is weens die belangstelling in die bosomgewing wat deur die boeke gaande gemaak is. *Klawervier* (1998) van Annelie Botes sluit in tema aan by Matthee se *Kringe in ’n bos.* Smuts (1998:20) identifiseer by Botes dieselfde oortuigende tekening van die (fyn)boswêreld, dieselfde duidelike bewyse van plant- en diere-kennis en dieselfde vaardige ontwikkeling van natuursimbole.

In 1997 debuteer Johann Botha met *Groot Vyf: spoor van ’n dekade*, ’n bundel wat hom intens besig hou met die mens se rol in die natuur, natuurbewaring en die dierelewe. Ook Piet van Rooyen en Christiaan Bakkes het in die afgelope dekade bygedra tot die versameling Afrikaanse tekste waarin die mens in sy saambestaan met die natuur in oënskou geneem word. In Van Rooyen se romans, *Die spoorsnyer* (1994), *Agter ’n eland aan* (1995) en *Die olifantjagters* (1997), is die herhalende tema dié van spoorsny teen die agtergrond van die Namibiese landskap, met die intense bele-wing van die natuur as deel daarvan. In Bakkes se *Die lang pad van Stoffel Mathysen* (1998), *Stoffel in die wildernis* (2000), *Skuilplek* (2002) en *Stoffel by die afdraaipad* (2004) word waargeneem vanuit die ekologies sensitiewe perspektief van die natuurbewaarder, en

2 Teenoor die gewone woordeboekonderskeid tussen *natuur* as die nie-mensgemaakte skepping, wat die kragte en prosesse wat al die verskynsels in die stoflike wêreld voortbring en beheer, insluit (HAT, 1994:692) en *ekologie* as die verhouding van die lewende organismes tot hul omgewing (HAT, 1994:189), word die term *omgewing* in hierdie artikel vanuit meer hoeke bekyk en breër omskryf.

skerp gekyk na die verhouding tussen die natuur en die menslike beskawing in die Suider-Afrikaanse konteks.

Genoemde werke, wat net ’n greep verteenwoordig uit die resente prosa met die verhouding tussen die mens en die natuur as tema, illustreer duidelik hoe telkens ander aksente in dié verhouding vertoon word. In *Groot Vyf: spoor van ’n dekade* word die komplekse verhaal van die mense van Suider-Afrika in die negentigerjare teen die ekologiese agtergrond ontvou en terselfdertyd ingebed in ’n historiese konteks wat teruggaan tot die eerste bewoners van dié land. In Van Rooyen se romans verskaf die volg van ’n dier se spoor die geleentheid om verslag te doen oor die lewensomstandighede van veral die inheemse bevolkings, en word die jag ’n soort inisiasieproses waaruit die karakters met meer insig tree. Wat in Bakkes se werk sentraal staan, is die opponerende standpunte van bewaring en benutting. Sy verhale beeld dikwels die botsende belange uit van bewaringsgesindes en diegene wat in armoede leef in ’n omgewing waar die oorvloedige natuurlike hulpbronne hoofsaaklik gereserveer word vir toeriste.

## 3. Spanning tussen die mens en die omgewing in *Boendoe* en *Toewaaisand*

Die eiesoortige fokus in *Boendoe* en *Toewaaisand* is reeds aangetoon: daar word verslag gedoen oor die karakters se belewing van *spanning* ten opsigte van en *konfrontasie* met omgewingskragte.

Wanneer Evernden (1996:99) praat oor mens-omgewingsverhoudings, tref hy onderskeid tussen dié verhouding waar die omgewing as ’n blote ruimtelike agtergrond beleef word, “a collection of physical forms”, en dié waar die omgewing beleef word as “the outcome of how it got there and the outside of what goes on inside”.

In laasgenoemde verhouding kom die begrip *omgewing* beter tot sy reg. O*mgewing* verwys na die geheel van omringende toestande en omstandighede wat aktiwiteit beïnvloed en behels die natuurlike sowel as die menslike/stedelike omgewing (*environment*, volgens *The American Heritage Dictionary of the English Language*, 2000). Met *omgewing* word in hierdie artikel spesifiek die natuurlike omgewing bedoel, soos gedefinieer deur die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (107/1998): die fisiese en biologiese komponente en ekostelsels asook die eienskappe en toestande daarvan wat menslike gesondheid en welsyn beïnvloed. Die kwessie van beïn-

vloeding van die mens deur omringende natuuromstandighede en -gebeure word dus sentraal geplaas.

In *Boendoe* sentreer die vertelling van die ekoloog, Brand de la Rey, om die gebeure wat veroorsaak is deur 'n versengende droogte. Honderde verhongerde mense uit Mosambiek sak op die Mbabala-sendingstasie en -hospitaal toe en 'n groot deel van die spanning in *Boendoe* hou verband met die pogings om die verhongerde Mosambiekers met 'n afgeleefde weermagvliegtuig na Rooikruiskampe naby Durban te vervoer. Viljoen (1999:51) gee Barnard krediet vir die wyse waarop die roman ook die spanning reflekteer wat hierdie soort krisis genereer in die verhoudings tussen die verskillende mense in hierdie afgesonderde gebied.

In *Toewaaisand* loop die lede van 'n jaggeselskap hulle vas in 'n storm in die woestyn en die meisie wat kontak met die geselskap verloor, word in die bedrieglike, veranderende woestynlandskap nooit weer gevind nie. Die sersant en die koerantman wat ná die verdwyning in die woestyn probeer rekonstrueer wat gebeur het, stuit albei teen 'n verskuiwende werklikheid, waar die sand alles toewaai. Hierdie romans waarin die kragte van die mens deur dié van die omgewing verdwerg word, behoort tot die tipe werk waarin "the nonhuman environment is a presence … that suggest that human history is implicated in natural history" (Head, 2000:237).

Die belangrikste rol van die woestynruimte in *Toewaaisand* is die metaforiese, waardeur iets van die mens-omgewing-spanning subtiel voortgedra word deur die roman: "die woestyn word beeld vir die idee dat die wêreld vir die mens onkenbaar is" (John, 2004:202). As sodanig vorm w*oestyn* 'n verrassende beeldparallel met *boendoe* in Barnard se roman: "Boendoe kan, naas plek, ook 'n toestand verteenwoordig: die gramadoelas van die menslike gees, ons prekêre bestaan in 'n wildernis van onverstaanbare en onverklaarbare dinge" (Hough, 1999:7).

Vervolgens word elke roman vlugtig in breër literêre konteks geplaas en word die uitwerking van geografiese isolasie en natuurlike omgewingskrisisse/-kragte op die karakters in die twee romans afsonderlik ondersoek. Bevindings uit die sielkunde oor die invloed van "uiterste en ongewone natuurlike omgewings"**[3]** op diegene wat

3 Suedfeld en Steel (2000:231) gebruik die term "psigo-omgewingsfaktore" om te verwys na stresfaktore in "uiterste" omgewings, soos woestyne, afgeleë eilande, onbereikbare bergagtige dele wat 'n sielkundkige impak het op die mens.

daar woon of werk, word betrek om die algemeen-menslike geldigheid van die karakters se reaksie te begrond. Die doel hiermee is in die inleidende deel van die artikel uiteengesit.

# 4. Boendoe

Barnard se roman praat saam met dié van outeurs soos Elsa Joubert, Karel Schoeman, Etienne van Heerden, Louis Kruger, Alexander Strachan en Riana Scheepers oor die groot eksistensiële tema van die vervreemding van die Europese mens in Afrika. Die biologiese data wat Brand de la Rey insamel in ’n feitlik ongerepte gebied in die noorde van Kwazulu-Natal, ’n area sonder mensebevolking of -manipulasie, soos kragdrade, kanale, opgaardamme, spoorlyne of paaie, maak van hom ’n soort ontdekkersfiguur in ’n maagdelike landskap. Hy verteenwoordig die tradisionele Europese houding van beheersing van die onbekende deur middel van natuurwetenskaplike ondersoek. Sy universiteitskennis van natuurwette bots met die geheime van die natuur van die Afrika-kontinent.

## 4.1 Reaksie op die omringende natuuromstandighede en -gebeure

### 4.1.1 Beïnvloeding van menslike verhoudings

Die afsondering waarin Brand werk, maak dit by tye vir hom moeilik om te onthou wanneer hy laas ’n mens gesien het (p. 1). Die sporadiese kontak met Strydom, die paleontoloog wat in dieselfde omgewing werk, bring weinig kommunikasie: “In die bos is praat die eerste slegte gewoonte wat jy afleer. Swye word mettertyd ’n manier van uitreik na mekaar toe” (p. 45). Die effek van hierdie soort afsondering word erken in vertellersfrases soos: “my bosbedonnerde brein se hersenskimme” (p. 65); “die bos se manier om in ’n mens se kop in te groei” (p. 66); “wat die bos selfs aan ’n toegewyde selibaat soos hy (Vader Mundt) kan doen … ’n onmeetbare gemis. Ek het met dieselfde onmeetbare gemis te doen gehad” (p. 66-67).

Brand se betrokkenheid by Julia is nie slegs op romantiese vlak te verklaar nie. Hy noem haar hubaarheid die “voor die hand liggendste én die misleidendste rede” vir die affiniteit wat hy met haar voel.

> In die eindelose gramadoelas, in ’n see van ongeletterdheid en vreemde tale en bygelowe en towery en donker ondeurgrondbare magte en eensaamheid was sy die enigste mens met wie ek in my eie taal kon praat. Dit het haar ’n oninhaalbare

> voorsprong gegee bo die twee byna sektariese nonne, die enigmatiese dokter Vukile Khumalo en die swyende, geslote Vusi (p. 7).

Die waarde wat hulle gedeelde kulturele en taalagtergrond het, moet dus gesien word binne die konteks van die afgesonderde omgewing waarbinne enige gemeenskaplike deler dadelik die grondslag sou vorm van 'n aanhanklikheid ten opsigte van mekaar – méér as wat die geval sou wees in normale omstandighede. Nog 'n raakpunt tussen Brand en Julia is 'n gedeelde wantroue teenoor die mensdom, wat op verskillende maniere uit hulle jeugjare gemotiveer word. Hierdie raakpunte maak hulle kwesbaar en meer aangewese op mekaar in wat Julia die "godvergete gramadoelas" noem (p. 31).

Brand sê: "Daar was natuurlik die moontlikheid, heeltyd, by albei van ons, dat die ander een dalk, miskien, 'n soort antwoord kon word op die een of ander ongeformuleerde vraag" (p. 330). Die afsondering waarin hulle leef, die gevolglike aanhanklikheid en kwesbaarheid, motiveer en verklaar die intense ontnugtering wanneer die karakters na mekaar tas, en dan *verbytas*. "Praat was vir albei van ons 'n vorm van ontvlugting van mekaar, 'n veiligheidsklep, 'n rookskerm", som Brand die onbereikbaarheid tussen hom en Julia op, en "Daar *was* 'n oomblik waarin ons albei, eers weifelend, toe duiselig weerskante van 'n hoë afgrond na mekaar toe begin val het. Maar sy het haar gesig weggedraai" (p. 65).

Die ontnugtering van die hoofkarakters is 'n bekende tema in Barnard se werk. Die volgende vraag wat Brand aan homself stel, is ook van toepassing op 'n roman soos *Mahala* (1971) en 'n kortverhaal soos "Hoogsomernag" (*Duiwel-in-die-bos*)*:* "Wat is die ding tussen een mens en 'n ander een, wat so duiselingwekkend is dat dit die laaste tree na mekaar toe onmoontlik maak?" (p. 208). Julia en Brand is duidelik lief vir mekaar, maar soek eerder die eensaamheid op as om nog 'n moontlike herhaling van die bekende verraad en hartseer uit hul onderskeie verledes te trotseer. Deur die agtergrond van die "onmeetlike gemis" wat geografiese afsondering bring, word die ironiese uitkoms van die uitreik na mekaar in *Boendoe* geaksentueer.

### 4.1.2 Trauma en verlies van sekerhede in 'n liminale situasie

Met die aanvang van die roman is die droogte reeds besig om "homself te bevestig in byna elke faset van die sisteem" (p. 14). Die ekologiese agteruitgang is aanvanklik sigbaar in die afwesigheid van sade en vrugreste in die uitwerpsels van bobbejane en ape, die

afname in dassiewerpsels en die verminderde voëlneste langs die droë spruit (p. 14). Met die toestroming van Mosambiekers na Mbabala word dit ’n krisis. Banke riet word aan die brand gesteek om wild uit die ruigtes te dryf om met stokke dood te slaan (p. 61); Brand se assistent, Vusi, kry daagliks tot negentien strikke in die veld (p. 87).

Julia roep Brand uit sy werkomgewing weg na Mbabala om te kom help wanneer sake daar begin handuit ruk. Met Mbabala wat verander het in ’n plakkerskamp van siekes, verhongerdes en verswaktes, word Brand oornag uit die rol van bioloog en ekoloog verplaas na dié van verpleër. Hy probeer ’n spalk maak vir ’n kind met ’n gebreekte arm, steriliseer spuite, dra nat matrasse uit in die son, help beddens opmaak en voer swak pasiënte.

Dit is nie net Brand wat in ’n vreemde rol beland nie, “Vusi en Gwaja (die tuinier) het die vure gestook en vleis opgekerf en suster Erdmann en twee ander helpers het die sop gekook; Julia en suster Roma en Vukile het die mense gevoer wat nie meer self kon eet nie” (p. 62). Die karakters bevind hulleself in ’n tusseninfase: losgemaak van bekende omstandighede en oorweldig deur die oorlewingseise gestel deur die steeds toestromende vlugtelinge, terwyl hulle wag op hulpverlening, waardeur die normaliteit in hulle lewens herstel sal kan word.

Die ervaring van liminaliteit word geïntensifiseer en uitgerek, omdat die sendingstasie in ’n geografiese tussengebied lê: as gevolg van ’n dispuut oor waar die grens tussen Suid-Afrika en Mosambiek presies is, glo sommige mense dat die sendingstasie in Suid-Afrika is en ander dat dit in Mosambiek lê (p. 10). Die Weermag word eerste om hulp genader, maar “hulle sê ons is Mosambiek, hulle help net Suid-Afrikaners” (p. 91).

Terwyl die Rooi Kruis ook sloer met hulle beloofde hulp, bevind die personeel van die klein sendinghospitaal, met Brand as toevoeging, hulle onder toenemende druk. Mbabala se fasiliteite, toerusting, middele en personeel is gans ontoereikend vir die krisis en verskeie karakters reageer toenemend getraumatiseerd.

Die eerste tekens van irritasie is sigbaar by Julia. Nadat ’n kind sterf terwyl sy hom probeer voer, moet Brand die “lemkant van haar frustrasie” trotseer (p. 8). Sy wil hê hy moet haar help om te gaan kos soek by omringende statte. Wanneer Brand haar daarop wys dat niemand mielies vir langer as een winter stoor nie en die droogte reeds vir drie jaar lank voortsleep, ontplof sy: “Gaan vang jou

paddatjies, man. Gaan tel jou krieke … Loop speel tussen jou bobbejane. Los die harde waarheid vir ons!" (p. 9). Julia word deur 'n "onbekende energie" gedryf (p. 12) en is tot veertig uur lank heeltyd op haar voete (p. 63). Hierdie toewyding eis sy tol. Toe Brand opdaag nadat sy sy hulp ontbied het, is sy en die nonne reeds sigbaar afgerem en oorspanne (p. 58).

Julia óóridentifiseer met die swakkes en hongeres wat hulle na Mbabala wend vir oorlewing. Sy stel onrealistiese doelwitte as sy dit op haar neem om kos te gaan soek vir die sterwende mense. Met geleende donkies pak sy die sestig kilometer na Babamkhulu se kraal aan oor 'n terrein waarlangs geen pad loop nie (p. 19-23).

Julia se oorreaksie op die nood van die hongeres is ten dele te verstaan uit haar eie traumatiese jeugjare. Julia is verwerp deur haar stiefma en het 'n problematiese verhouding met haar pa gehad, as gevolg waarvan sy uiteindelik uit die huis gevlug het. Sy diep uit haar verlede baie ervarings op van misbruik en verwerping (p. 67, 95, 96, 112). Brand besef: "Elkeen van hierdie mense het 'n blywende letsel op haar gelaat" (p. 96) en "Sy sou eers later leer 'n mens neem jou verlede oral met jou saam" (p. 57).

Die fisieke en geestelike uitputting wat in Julia opbou terwyl sy verbete voortgaan met haar versorgingstaak, kulmineer in ervarings van ontnugtering en die bevraagtekening van geestelike ankers:

> Maar skielik, nou, was daar niemand … 'n Groot en almagtige, onverklaarbare, leë Niks. Nêrens 'n wolk nie; geen wind nie, geen voetspoor of vingerafdruk nie, geen sprake van reën of enige ander vorm van genade nie; geen hoop meer nie (p. 112).

Julia beskuldig Brand van die teenpool in die emosionele reaksie op trauma, naamlik distansiëring: "Ek verstaan nie hoe kan jy jou so afvee aan wat hier aan die gang is nie!" (p. 29). Hierop reageer Brand rasioneel: "Julle kan twintig mense dalk ses maande lank help. En veertig mense dalk drie maande. En tagtig mense dalk ses weke. Maar omdat die bostelegraaf werk soos hy werk, gaan julle oor 'n week vir niemand meer kos hê nie. Wat dan?" (p. 29). Hierdie intellektualisering van die situasie is duidelik 'n verdedigingsmeganisme. In retrospeksie onthou Brand:

> Ek wou hulle (die hongeres) nie sien nie … Omdat jy soveel sien wat jy liewer nie sou wou sien nie, word jy blind daarvoor. Vir die bloederige swere en die opgeswelde buike en die smagtende oë en etter en krioelende brommers (p. 169).

Vukile, op wie se skouers die verantwoordelikheid van die hospitaal rus, vind die situasie mettertyd onhoudbaar. Sy humeurige optrede en toenemende emosionaliteit (p. 201, 204) is in stryd met sy gelykmatige karakter. Iemand doen navraag oor die dooies wat op die hospitaalwerf rondlê en Vukile begin histeries lag en huil by die gedagte dat iemand meen dat ’n mens met ’n graaf die situasie, wat so hopeloos buite beheer geraak het, sal kan beredder (p. 133). In desperaatheid dien hy uiteindelik die hele personeel ’n slaapmiddel toe – “I was trying to save them” (p. 135) – en verklaar huilend: “I can’t handle people dying of hunger. I can’t handle God” (p. 135).

Die vernietigende droogte in *Boendoe* genereer trauma wat as’t ware soos ’n vergrootglas die kompleksiteite en die limiete in die karakters se geestelike mondering uitwys. Hulle reaksies verraai onverwerkte trauma, vertwyfeling oor geestelike ankers, ontkenning of distansiëring van die werklikheid en emosionele knakpunte.

## 4.2 Die roman as bevestiging van insigte uit die sielkunde

In die sielkunde word ’n situasie soos dié wat by Mbabala ontplooi, beskou as ’n gevaarsone vir diegene in ’n versorgingsrol. Ehrenreich (2003:19) verwys spesifiek na die effek van natuurrampe wanneer hy die verskynsel van post-traumatiese stres en die rol van nood- en traumawerkers bespreek. In Burnard (1993:6) se navorsing oor die oorsake van stres by gesondheidswerkers, word faktore soos onvoldoende toerusting en middele om in die nood te voorsien, wat ook in die Mbabala-krisissituasie van toepassing is, pertinent genoem.

Wat die Mbabala-personeel in hierdie tydperk van ontworteling ervaar, strook hoe langer hoe meer met die simptome wat Figley (1995:29) *compassion fatigue* noem – ’n term waarvan die vertaalde ekwivalent, *medelyemoegheid*, nog nie algemeen in Afrikaans gebruik word nie. Die simptome van psigologiese uitbranding en sekondêre traumatisasie, soos dit manifesteer in diegene wat oor ’n tydperk met trauma-slagoffers werk, beïnvloed die fisieke, die psigologiese, die emosionele, die kognitiewe, die verhoudings en die gedrag van die hulpverleners (Huggard, 2003:163-164). Julia se optrede verraai haar verlies aan beheer op feitlik al hierdie vlakke, ook Vukile vertoon verskeie simptome van medelyemoegheid, soos paniek (p. 25), diepliggende tamheid en ’n vorm van disoriëntering, “soos iemand wat pas ontdek het hy sit op die verkeerde trein” (p. 105).

Die verskillende maniere waarop Julia en Brand die krisis hanteer, klop met die teenstrydige gedragsvorme wat Collins (2003:419)

identifiseer by gesondheidswerkers wat deur die lot van hul pasiënte oorweldig voel: Julia verraai oormatige identifikasie met en betrokkenheid by die getraumatiseerdes, terwyl Brand kies om hom van hulle te distansieer ter wille van selfbehoud.

Die intense mate waarin Julia deur die Mbabala-krisis geraak word, blyk ook sielkundig gemotiveerd te wees. Uit Collins (2003:420) se navorsing blyk dat traumawerkers en terapeute hulle eie onverwerkte, pynlike lewenservarings saambring na die ontmoetingsruimte met getraumatiseerdes. Werkers met 'n geskiedenis van persoonlike trauma loop derhalwe 'n groter risiko om sekondêre traumatiese stres te onwikkel.

Deur met die karakters en hulle ervarings en algemeen-menslike belewenisse te identifiseer, kom die leser dus agter hoe ekstreme omstandighede mense psigologies beïnvloed. Die aanbieding daarvan in hierdie roman strook met die bevindings uit die sielkunde en sou dus baie waardevol kon wees waar die lesers met werklike en potensiële omgewingskatastrofes gekonfronteer word.

## 5. Toewaaisand

By die lees van 'n teks met 'n ongewone herkoms soos hierdie deur Christoffel Coetzee, "geredigeer en voltooi deur Piet van Rooyen", bly 'n mens ongemaklik wonder hoe jy aspekte van die teks moet verstaan. John (2004:200) wys tereg daarop dat kwessies soos "outeurskap" streng gesproke nie behoort te figureer in die bespreking van die roman nie, aangesien die poststrukturaliste se opvattings oor die "dood van die outeur" ons van sulke neigings behoort te genees het. In Afrikaans is ons al voorheen gekonfronteer met die publikasie van onvoltooide tekste, byvoorbeeld Etienne Leroux se *Die suiwerste Hugenoot is Jan Schoeman* (1990), D.J. Opperman se *Sonklong oor Afrika* (2000) en *Ons oorlog* (2000) van Klaas Steytler.

Tog wonder 'n mens oor die herkenbare elemente van Piet van Rooyen (*Die spoorsnyer* [1993], *Agter 'n eland aan* [1995] en *Die olifantjagters* [1997]) in *Toewaaisand*: die verwysings na die jag wat méér word as die volg van 'n dier se spoor en telkens elemente bevat van 'n soeke na die self; die eensaamheid en die gevoel van ek-hoort-nêrens-nie wat sporadies in Van Rooyen se romans voorkom (vgl. Beuke-Muir, 2001:3). 'n Belewing wat ná aan dié van Freddie Chemal in *Toewaaisand* staan, word verwoord in die *Die olifantjagters*: "Hier is ek nou, meer ontwortel nog as die [Europese] olifantjagter, met net so min aanspraak op enigiets, met geen vrypas

om hier te wees nie, behalwe in naam van 'n vaag gedefinieerde begrip van ontwikkeling, medemenslikheid, regverdigheid, goeie trou" (Van Rooyen, 1997:9).

Terselfdertyd is *Toewaaisand* herkenbaar as 'n teks van die skrywer van *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998)*,* veral in die wyse waarop die geskiedenis in die roman figureer. Aspekte van die Nama-geskiedenis word in *Toewaaisand* verwoord deur die karakter Apools, en Freddie poog om die historiese inligting wat hy by die Namas kry in sy skoolonderrig te verwerk.

Die verhaal in *Toewaaisand* word geweef rondom die verdwyning van Meisie, grootmaakkind van Wilhelm Heinz, op die afgesonderde dorpie Aib. Die sentrale karakter is Freddie Chemal, wat meen om hom tydelik te vestig op Aib in die hoop om medies te gaan studeer met die geld wat hy tydens sy verblyf verdien en spaar. Hy loseer in Heinz se *roadhouse* en steek op Aib vas vanweë sy liefde vir Meisie, wie se ma haar as klein kind op die dorp agterlaat het.

## 5.1 Invloed van die omgewing

### 5.1.1 Ervarings van bedreiging en kwesbaarheid, verlies en ontwrigting

In hierdie roman word die kwesbaarheid van die individu deurgaans in reliëf geplaas deur die ongenaakbaarheid van die omgewing, die Namibwoestyn in die suidweste van Namibië. Aib word deur die woestyn omring en voortdurend bedreig met oorweldiging – soos die titel alreeds suggereer. Die woestyn is geen mens goedgesind nie: kinders verdwaal, onwettige diamantsoekers gaan dood van die dors, 'n vliegtuigie val in 'n onherbergsame gebied tussen hoë sandduine en die oorlewendes bly in sirkels loop tot die dood hulle inhaal (p. 22).

Orals *om* die mens vind aftakeling deur die woestyn plaas. Freddie neem dit waar:

> Wat nou mooi en vars is, is netnou oud en verskrompel … Dinge hou nie lank hier nie. Die woestynwind kan motors van al die verf aan die windkant stroop. Dit waai potplante uit hulle houers, dit steek in die kele, dit laat die lippe oopbars. … Ek was nog te kort op die plek om te weet hoe vinnig dinge werklik verval (p. 62).

Maar dit is die mens *self* wat die mees venynige kant van die Namib leer ken.

> Die woestyn kan oor 'n klein tydperk van ure so verander dat die ou terrein onidentifiseerbaar word. Die groot sandstorms kan oornag nuwe duine laat opskuif waar brakbos gister nog gegroei het … Jy besluit om op jou spore terug te loop na die een of ander afgespreekte ontmoetingsplek of die kampplek. En net daar loop jy jou gruwelik vas, daar op die spoorlose sand wat nou nie meer 'n teken van jou teenwoordigheid dra nie ... Sou jy jou op die plante as vanmôre se rigtingwysers verlaat, loop jy jou teen die aand se kant disnis, heel 'n ander rigting in (p. 14-15).

Wilhelm Heinz ervaar die vyandigheid van die woestyn met verslaentheid: "Wat is in die landskap wat maak dat … selfs die plante, wat jou andersins moet kan terughelp na jou verwarrende bestemming, teen jou saamsweer?" (p. 15).

Die woestyn bevestig sy oorhand oor die mens bykans op 'n tartende wyse. Soekgeselskappe het min sukses in die opspoor van afgedwaaldes, maar dan kan 'n sandstorm die gelaat van die land sodanig verander dat die gebeentes vanself oop lê. 'n Jagter of boer kan op 'n geraamte afkom, maar meld dit gewoonlik nie aan nie, want "straks lê dit môre weer onder die vlak sand, waai dalk 'n slag of wat weer oop, dan toe, so aan, tot dit heeltemal verdwyn of 'n fossiel raak, tot in der ewigheid" (p. 16).

Dit is hierdie verraderlikheid van die woestyn wat meewerk dat Meisie nie opgespoor kan word nie en dat daar vraagtekens bly hang oor wie moontlik aandadig was aan haar agterlaat by die stilhouplek. Soos wat met die landskap gebeur, vind die polisiebeampte wat die saak ondersoek dat "die een weergawe van die werklikheid so versigtig in 'n ander oorskuif", dat hy niemand direk van 'n leuen kan beskuldig nie (p. 20). Hierdie verdwyning is 'n gebeurtenis wat Freddie lewenslank sy vrede ontneem. Baie jare later, wanneer Meisietjie reeds groot en uit die huis is, hoor sy steeds vakansietye haar pa se gille in die nag (p. 12).

Die Namas se geskiedenis, soos dit verwoord word deur Apools, die petroljoggie by Heinz se petrolpomp, is verweef met die Namib. Hulle ken die woestynwêreld "van die voortyd af" (p. 16), hulle geskiedenis behels die "mak maak van hierdie harde land" en baasskap daaroor. Apools stel dit duidelik: "Ons was die skrik van Namaland, man! Ons kon in daardie dae omtrent almal pakgee: Herero's, Damaras, Duitsers, de lot" (p. 55-56). Die Nama-identiteit is ook gevorm deur die hardheid van die natuurlike omgewing wat hulle as gebied getem het: "As een uitsak of oud raak of siek raak of enigiets, dan los hulle hom net so daar in die woestyn, gaan net met

die goeies vorentoe. So word ’n nasie sterk” (p. 56). Hierdie gebruik strook met Sanders (2002:328) se verduideliking dat die kulturele eienskappe van ’n etniese groep dikwels ’n reaksie op omgewingsfaktore is. Uit Apools se vertellings, konstrueer Freddie ’n beeld van die vroeë, trotse Nama in wie se geskiedenis en stamgebruike die woestyn so sterk teenwoordig is.

Die Namas wat Freddie op Aib leer ken, is egter buitemense, gedegradeerd in die oë van die blanke dorpenaars. Hulle tye van glorie is nog net ’n herinnering vir Apools: “Dit was die paradys, man! Ons het hier voorspoedig gelewe voor die wit mense gekom het” (p. 56). Viljoen (2004:26) meen dat die politieke element, onder andere Apools se wraakgevoelens oor wat sy mense verloor het, nie voldoende uitgewerk is in die teks nie. Tog dra die duidelik uitgewerkte gegewe van die historiese en kulturele skakeling van die Namas met die woestynwêreld en Apools se wraak tydens die jagtog in die woestyn – hy het geweet dat hulle Meisie agterlaat, maar stilgebly (p. 113) – op betekenisvolle wyse by tot die idee dat die woestyn die mens bedreig en teen hom saamsweer in die roman.

### 5.1.2 Isolasie en vervreemding in ’n liminale situasie

Freddie vind Aib in die padatlas wanneer hy hoor dat hy ’n onderwyspos op dié dorp gekry het, “iewers op ’n kruispad tussen Luderitz, Windhoek, die Kaap en die Kalahari. Ver van orals, naby aan niks” (p. 34). Soos Brand in *Boendoe*, leer Freddie op Aib dat kommunikasie skade ly waar omgewingsbakens ver van mekaar is: “Ons kom meestal met min woorde klaar, en dié woorde kom weens onbruik dikwels met moeite” (p. 129).

Die belangrikste metafoor waarmee die effek van isolasie in hierdie roman uitgebeeld word, is dié van die kruispad. Dit word onder andere geassosieer met die moontlikheid om vasgevang te word op ’n bepaalde plek. Freddie dink aan homself op Aib as “iewers op ’n kruispad en ver van my huis af, alleen, onseker, oop vir indrukke en vertroosting” (p. 63). Die kruispad is angswekkend want jy probeer tevergeefs om daaraan te ontkom. Freddie beleef talle sulke angsdrome:

> Ek weet dat die draai in die pad, waaragter ’n nuwe toekoms
> my tegemoet moes kom, ’n illusie is. My hart klop angsvallig. In
> die droom strek die pad kronkelend en swart soos ’n slang voor
> my uit maar ek weet, iewers oorkant die horison buig dit in

> homself terug soos ’n Möbiusband, welke rigting ek ook al sou kies. Soos alle vorige kere, en al die kere daarna, staan ek weer op dieselfde plek, sonder uitkomkans … (p. 11).

Wanneer hy en Meisietjie alleen oorbly, huur hy vir hulle ’n huis naby genoeg aan die spoor, sodat hulle snags die rangeergeluide kan hoor. Dit is “vreemd gerusstellend, dit skep die illusie dat ons op vertrek staan … Maar dis net ’n illusie, jy bly waar jy is …” (p. 126).

Freddie was van plan om net tydelik te bly, maar dan kry hy dit nie reg om te “vertrek” nie. Daarom beleef hy sy omgewing as liminaal; as vyandig en bedreigend. Dit word geïntensiveer deur Freddie se liminale identiteit. Sy oupa is ’n Libanees en sy ouma Afrikaans. In Namibië probeer Freddie ’n ander identiteit vind as dié van Boere-Libanees waarmee hy grootgeword het, maar merk ’n “gedurige agterdog” teenoor hom op (p. 59). Nadat hy jare reeds op Aib gebly het, besef hy dat die inwoners “hulle skuld op my verplaas om my eendag soos ’n sweer uit hulle uit te sny” (p. 65).

Meisie se meegevoel met Freddie oor die agteraf gepraat oor hom “as ’n Baster of ’n ding”, word gevoed deur die wete dat “ek self ook so was” (p. 71). Haar pa se identiteit was totaal onbekend en van haar ma onthou Heinz dat “haar gemeensaamheid met die Basters en selfs met van die Namas op straat tog ’n vermoede van donker bloed geskep het ” (p. 77). ’n Namavrou het die primêre versorging van Meisie as baba behartig, sodat die kind die klapklanke van die Namataal bemeester het voordat sy Afrikaans kon praat (p. 79). Die ervaring van gedeelde buitestanderskap met die Namas maak haar en Freddie “anders as enigeen van die ander” op Aib (p. 65). Freddie se identifikasie met die Namas strek tot die punt waar hy sê:

> Die meeste van hulle was wel nou se dae volslae alkoholiste … maar selfs hulle verval het my op ’n skewe manier aangetrek. Dit het my buitendien ook nie lank geneem om ’n alkoholis te raak op Aib nie. Hulle woede was ook in my (p. 64-65).

Die woede omdat hy uitgestoot word uit die gemeenskap waarin hy toevlug gaan soek het, word tot ’n spits gedryf in die nag van die jagtog, toe sy neef hom ’n “fokken baster” noem (p. 95). Sy emosionele beheer gee mee en hy verwerp selfs vir Meisie, wat ondersteuning probeer bied: “Hy wou my glad nie by hom terughê nie, hy het my bly uitskop (uit die tent) met al die krag in sy bene en arms” (p. 119).

Vóór die jagtog was daar egter reeds die toenemende sosiale vereensaming van dié uitgestote paar. Die frustrasie en sosiale

verveling in die geïsoleerde woestyndorpomgewing eis sy tol. Freddie raak mettertyd gewelddadig teenoor Meisie (p. 116, 118), vloek op haar en vergryp hom aan drank (p. 117). Meisie weet dat die kruispadsituasie en die onontkombaarheid daaraan vir hom onhanteerbaar geword het:

> Ek het al hoe meer geweet dis oor my, oor ek hom hier op Aib kom vasketting het … oor hy nooit kon uitkom hier om verder te gaan leer soos hy beplan het, of wat ook al nie. Hy het dit nooit vir my gesê nie, maar ek het geweet, geweet (p. 117).

Ook Meisietjie het in later jare die intuïtiewe aanvoeling dat haar pa se nagmerries méér behels as net die verdwyning van haar ma. “Wat laat Pa snags so skree?” wonder sy. “Kan dit net oor Ma se wegraak wees? Dit moes hy homself tog lankal vergewe het?” (p. 12).

Die afgesonderde ligging van die dorp Aib, omring deur die woestyn en die ooreenkomste tussen Freddie en Meisie se belewing van hulle identiteit maak, soos in *Boendoe* die hoofkarakters kwesbaar en verhoog hulle onderlinge aanhanklikheid. Hierdie desperate aangewesenheid op mekaar maak die uiteindelike vervreemding tussen hulle soveel aangrypender.

Die verband tussen die vervreemding wat die karakters in *Toewaaisand* beleef en die algemeen-menslike reaksie onder soortgelyke omstandighede, strook weereens met navorsing in die sielkunde. Suedfeld (2000:234) identifiseer ’n geforseerde hoeveelheid tyd saam en die element van sosiale verveling by enkelinge wat in afgesondere omstandighede op mekaar aangewese is, as stresfaktore wat hoë eise stel aan diegene wat in “uiterste en ongewone omgewings” woon of werk. Rokach (2004:28) se studie oor menslike vereensaming dui aan dat ’n gebrek aan bevredigende sosiale interaksie oor ’n lang termyn aanleiding gee tot depressie, gekenmerk deur onder andere opstandigheid en aggressie. In Freddie se geval loop dit uit op fisieke en verbale geweld.

## 5.2 Die onvoltooide transformasieproses

As die karakters in *Boendoe* en *Toewaaisand* beskou word in terme van Turner se teorie oor transformasie en liminaliteit,[4] blyk die

4 Wanneer Turner (1967:94-95) die transformasieproses beskryf, gebruik hy Arnold van Gennep se konsep van fases of oorgange tussen toestande, *rites de passage,* “which accompany every change of place, state, social position and age” (Van Gennep, soos aangehaal deur Turner, 1967:94).

verband tussen hulle ervarings duidelik. Die karakters in albei romans ervaar die eerste twee fases van die transformasieproses, naamlik afsondering en die oorsteek van die drumpel (*limen*). Die eerste fase, gekenmerk deur die losmaak van ’n groep of individu van ’n vaste punt in die sosiale of kulturele struktuur (Turner 1967:94), is afgehandel wanneer Brand sy navorsingstasie verlaat om deel te word van die versorgingspan op Mbabala en wanneer Freddie op Aib arriveer. In afdelings 4.1.2 en 5.1.2 is geargumenteer dat die verblyf op Mbabala en Aib vir die onderskeie karakters komponente bevat van die *limen*-fase, waar min of geen hoedanighede van die vorige óf die volgende toestand bestaan nie. Die derde fase, herinkorporasie*,* bly egter uit; die transformasieproses word nie voltrek nie, in die sin dat daar nie ’n bewussyn van ’n “gemeenskap” by die karakters ontstaan nie.

In plaas van die kreatiwiteit wat gewoonlik met liminaliteit gepaard gaan – Turner (1967:99) wys op “the process of growth and the reformation of old elements in new patterns” – is daar in hierdie romans ’n afbrekende, vernietigende proses werksaam – liminaliteit sonder hoopvolle of opbouende vooruitsig.

## 6. Samevatting

In die voorafgaande analises van die spanning tussen mens en omgewing is die reaksie van die karakters op die omringende natuuromstandighede en -gebeure in *Boendoe* en *Toewaaisand* beskryf. Geografiese afsondering verhoog die interafhanklikheid van die karakters in hierdie romans en stomp terselfdertyd hulle sosiale en kommunikasievaardighede af. Die afsondering waarin hulle leef, aksentueer hulle ontnugtering in hulle onvermoë om sinvolle verhoudings aan te knoop (*Boendoe*) of te handhaaf (*Toewaaisand*). In *Boendoe* bring die konfrontasie van die karakters met die omgewingskragte vlakke van fisieke en geestelike uitputting teweeg, waarop die karakters intens getraumatiseerd reageer met óf ontkenning en distansiëring van die werklikheid, óf emosionele uitdrukking van paniek, tamheid, frustrasie, onverwerkte trauma en vertwyfeling oor geestelike ankers. In *Toewaaisand* is die woestynomgewing die oorsaak van lewensontwrigting en -verlies, asook ervarings van kwesbaarheid, isolasie en vervreemding van geliefdes.

Die invloed van omgewingsisolasie, -kragte en -krisisse blyk in hierdie romans ook verband te hou met die ontstaan van liminale ervaringsgebiede wat, in terme van Turner se liminaliteitsteorie, ’n onvoltooide transformasieproses aandui. Turner se siening van die samehang van liminaliteit en kreatiwiteit word ook ondermyn deur die duidelike blyke van afbrekende en vernietigende elemente wat teenwoordig is in hierdie liminale situasies.

Die reaksies en ervarings van die karakters in hierdie romans is gekoppel aan die sielkunde met die doel om die uitbeelding van individuele karakters te verbind met die universeel-menslike, aangesien die individuele leser uit die algemene weer ’n relevansie vir sy/haar lewe kan vind.

Hierdie ondersoek verteenwoordig ’n eerste tree na ’n oorsig oor die veelheid wyses waarop die verhouding tussen die mens en die natuur in die Afrikaanse prosa uitgebeeld word. Dit poog dus om ’n leemte te vul wat tans in die literatuurkritiek bestaan.

## Geraadpleegde bronne

AMERICAN HERITAGE DICTIONARY OF THE ENGLISH LANGUAGE. 2000. Houghton Mifflin Company. http://www.answers.com/environment Date of access: 28 Jun. 2005.

BARNARD, C. 1999. Boendoe. Kaapstad: Tafelberg.

BEUKE-MUIR, C. 2001. Die kwesbaarheid van die moderne man en die manifestasie daarvan in die prosa van Piet van Rooyen. *Stilet*, 13(1):1-10.

BURNARD, P. 1993. Coping with stress in the health professions. London: Chapman & Hall.

CARR, D. 1997. Narrative and the real world: an argument for continuity. (*In* Hinchman, L.P. & Hinchman, S.K. Memory, identity, community: the idea of narrative in the human sciences. Albany: State University of New York Press. p. 7-25.)

COETZEE, C. 2003. Toewaaisand. (Geredigeer en voltooi deur Piet van Rooyen.) Pretoria: Protea Boekhuis.

COLLINS, S.I. 2003. Working with the psychological effects of trauma: consequences for health-care workers. *Journal of Health & Mental Health Nursing*, 10(4):417-424.

EHRENREICH, J.H. 2003. Understanding PTSD: forgetting “trauma”. *Analyses of Social Issues & Public Policy*, 3(1):15-28.

EVERNDEN, N. 1996. Beyond ecology: self, place and the pathetic *fallacy*. (*In* Glotfelty, C. & Fromm, H., *ed*. The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology. Athens: The University of Georgia Press. p. 92-104.)

FIGLEY, C.R. 1995. Compassion fatigue. New York: Brunner/Mazel.

GERGEN, K.J. 1997. Narratives of the self. (*In* Hinchman, L.P. & Hinchman, S.K. Memory, identity, community: the idea of narrative in the human schiences. Albany: State University of New York Press. p. 161-184.)

HAT
*kyk* VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL.

HEAD, D. 2000. Ecocriticism and the novel. (*In* Coupe, L. The green studies reader. London: Routledge. p. 235-241.)

HUGGARD, P. 2003. Compassion fatigue: how much can I give? *Medical Education*, 37(2):163-164.

JOHN, P. 2004. Woestynruimte en die onkenbaarheid van mens en werklikheid. *Literator*, 25(1):200-202, April 2004.

JOOSTE, G.A. 1998. Dalene Matthee. (*In* Van Coller, H.P., *red*. Perspektief en profiel. Band 1. Pretoria: Van Schaik. p. 672-683.)

MACINTYRE, A. 1997. The virtues, the unity of a human life, and the concept of a tradition. (*In* Hinchman, L.P. & Hinchman, S.K. Memory, identity, community: the idea of narrative in the human sciences. Albany: State University of New York Press. p. 241-263.)

RICOEUR, P. 1985. Time and narrative. Volume 3. Vertaal uit Frans deur McLaughlin, K. & Pellauer, D. Chicago: University of Chicago Press.

ROKACH, A. 2004. Loneliness then and now: reflections on social and emotional alienation in everyday life. *Current Psychology*, 23(1):24-39.

ROOS, H. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. (*In* Van Coller, H.P., *red*. Perspektief en profiel. Band 1. Pretoria: Van Schaik. p. 21–117.)

SANDERS, J.M. 2002. Ethnic boundaries and identity in plural societies. *Annual Review of Sociology*, 28(1):327-357.

SMUTS, J.P. 1998. Klawervier. (Bespreking uitgesaai op Radio Sonder Grense [datum onbekend] en opgeneem in die knipselversameling van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum op 31 Desember 1998.) p. 19-22. (Ongepubliseer.)

SUEDFELD, P. & STEEL, G.D. 2000. The environmental psychology of capsule habitats. *Annual Review of Psychology*, 51(1): 227- 253.

SUID-AFRIKA. 1988. Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, no. 107 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

TURNER, V.W. 1967. The forest of symbols. New York: Cornell University Press.

VAN ROOYEN, P. 1997. Die olifantjagters. Kaapstad: Tafelberg.

VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1994. Johannesburg: Perskor.

VILJOEN, L. 1999. Chris Barnard vernuwe homself in glashelder prosa. *Insig*: 51-52, Sept.

VILJOEN, L. 2004. *Toewaaisand:* roman van verspeelde kanse. *Rapport*: 8, 26 Feb.

**Kernbegrippe:**

Barnard, Chris: *Boendoe*
Coetzee, Christoffel: *Toewaaisand*
invloed van die natuurlike omgewing
liminaliteit
spanning: mens en natuur

**Key concepts:**

Barnard, Chris: *Boendoe*
Coetzee, Christoffel: *Toewaaisand*
influence of natural environment
liminality
stress: man and nature